

**Saterdag 26 November**

**Skrifgedeelte: Openbaring 5**

**Fokusgedeelte: Openbaring 5:11-13**

**Die engele sing, prys, loof en aanbid God**

Die engele word in die Psalms (148:2 en 103:20) opgeroep om saam met die hele skepping tot God se eer te sing. In Job 38:7 hoor ons dat hulle by die skepping van die wêreld gesing het. Dan hoor ons in Lukas 2:8-14 dat die geboorte van Jesus deur engelesang gekenmerk word. Die goeie tyding kon net deur die een engel aan die herders vertel word, maar dit kom ook deur 'n menigte engele wat as 'n koor saamsing, wat deur al die herders gehoor kan word. En nou lees ons in Openbaring 5 van die engele wat voor die troon van God sing.

Die hemelse koor besing die lof van Jesus saam. Die nederige Jesus wat Jerusalem op 'n donkievul binnegery het, is Koning van die heelal! Hy sit op die hemeltrou geklee met heerlikheid. Hy is waardig om die boeke oop te maak en die ganse mensdom te oordeel. Die Een wat geslag is vir hulle sondes, is nou die Regter wat die name van dié wat gered is, gaan uitroep. Die goue bakke met die wierook van die gelowiges se gebede word nadergebring, 24 ouderlinge kniel voor Hom neer. Elkeen met 'n siter byderhand.

Hulle sing 'n nuwe lied, hulle prys Hom omdat Hy waardig is om die boeke oop te maak, want Hy is geslag en met sy bloed is mense vir God losgekoop uit elke stam en taal en volk en nasie. Duisende miljoene engele sing saam. Hulle herhaal die pryslied: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang!" (Op. 5:12).

So begin die gesig wat Johannes sien van die verheerliking van Jesus en die laaste oordeel wat voltrek word – 'n oordeel wat ons nie hoef te vrees nie, want ons is skoongewas in sy bloed. Hier op aarde is daar van ons wat hartseer ken, wat vervolging ken en hongersnood en pyn en oorlog en siekte en dood, wat stil geword het en treurliedere sing, maar wat die kiem van vreugde diep in ons dra, vreugde wat eendag weer sal ontwaak.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 4, 5*

*Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)*